Die stille dief

Uitgawe 116: November 2026

As Suid-Afrikaners is ons ongelukkig maar alte bekend met misdaad. Daar is egter ’n minder bekende, stille dief, wat by ons almal steel. ’n Ou advertensie van OK Bazaars lê alles bloot. ’n Brood vir 22 sent, ’n pakkie koffie vir 39 sent en bevrore ertjies vir 33 sent! Vandag klink dié pryse byna ondenkbaar. Niks buitengewoons het met brood, koffie of gebakte bone gebeur nie. Wat wel verander het, is die waarde van die geld waarmee ons dit koop. Dit is vir jou inflasie! Anders as ’n ineenstorting op die aandelemark, kondig inflasie hom selde met bravade of groot koerantopskrifte aan. Dit werk stilweg, jaar ná jaar, en dien geleidelik die koopkrag van elke rand ‘n knou toe. Vir enigiemand wat vir die toekoms beplan – veral vir die van ons wat vir 20 of selfs 40 Jaar beplan – is inflasie een van die belangrikste risiko's wat ons moet bestuur.



Die R100 wat stilweg krimp

Dit is ’n ander soort verlies wat minder sigbaar is. Jy het geld, maar verloor die koopkrag daarvan. Met ’n inflasiekoers van 5% per jaar verdubbel pryse byvoorbeeld binne ongeveer 14 jaar. Teen 7% neem dit slegs sowat 10 jaar. Anders gestel, indien jou geld jaarliks 5% verdien, maar jou persoonlike lewenskoste met 6% styg, het jy dalk aan die einde van die jaar meer Rande, maar in werklikheid het jy na belasting armer geword. **Dit is een van die redes waarom kontant of geldmarkfondse veilig kan voel, terwyl dit op lang-termyn juis ’n ander soort risiko skep.** Die bekende “*Big Mac*-indeks” van *The Economist* is ontwikkel as ’n eenvoudige manier om die koopkrag van verskillende geldeenhede wêreldwyd te vergelyk. ‘n Hamburger is ’n nuttige maatstaf, omdat die prys daarvan verskeie kostefaktore in ’n ekonomie weerspieël, waaronder voedsel, lone, elektrisiteit, vervoer, eiendom en uiteindelik die geldeenheid self. Die Suid-Afrikaanse voorbeeld bied ’n interessante perspektief. Die prys van ’n Big Mac het van ongeveer R28 in 2016 tot R54 vroeg in 2025 gestyg – byna ’n verdubbeling binne minder as ’n dekade. Hierdie is nie ’n amptelike inflasie-maatstaf nie en ons moet dit ook nie as sodanig beskou nie. Dit illustreer egter iets wat elke huishouding reeds weet en dit is dat lewenskoste duur geword het en ook saamgesteld styg.

Ons amptelike inflasiekoers

Hier lê nog ’n uitdaging. Statistieke Suid-Afrika publiseer ’n amptelike inflasiekoers vir ons land, maar min huishoudings ervaar inflasie presies soos dié syfer dit weergee. ’n Jong gesin bestee dalk ’n groot deel van hul inkomste aan skoolgelde, voedsel, behuising en vervoer. ’n Bejaarde egpaar bestee weer in verhouding meer aan gesondheidsorg, versekering, elektrisiteit en sekuriteit. Hierdie uitgawes styg nie noodwendig teen dieselfde tempo as die amptelike inflasiekoers nie. Wanneer ons dus vir die toekoms beplan, is die vraag nie bloot wat die inflasiekoers is nie, maar eerder wat is die inflasiekoers van jóú gekose leefstyl?

Die Reserwebank se nuwe inflasie-teiken

Ons Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het onlangs ’n verandering aan sy monetêre beleid aangebring. Die nuwe inflasie-teiken is ~3%, met ’n mate van beweegruimte rondom dié syfer met onverwagte ekonomiese skokke. Voorheen was die teikenband tussen 4% en 6%. Met die eerste oogopslag klink die verskil dalk nie noemenswaardig nie, maar oor ’n leeftyd is die effek egter enorm. Laer en meer voorspelbare inflasie maak beslis saak. Dit stel huishoudings en ondernemings in staat om met groter sekerheid te beplan, dit beskerm koopkrag en kan mettertyd ruimte skep vir laer rentekoerse. Laer rentekoerse kan weer beleggings direk vanuit die buiteland en ekonomiese aktiwiteit aanmoedig, maar daar is ’n belangrike vereiste. Laer inflasie, op sy eie, kan nie ekonomiese groei waarborg nie. Suid-Afrika het steeds betroubare infrastruktuur, produktiewe ondernemings, funksionerende munisipaliteite, volhoubare staatsfinansies en strukturele hervorming nodig. So kan SARB nie die olieprys verlaag of dit in die Karoo laat reën nie.

Aan watter hefbome kan ons trek?

Inflasie is grootliks buite ons beheer, maar dit beteken nie ons hande is afgekap nie. Daar is verskeie praktiese maniere waarop ons die uitwerking daarvan kan aanspreek.

1. **Produktiewe bates:** Oor lang tydperke kan suksesvolle ondernemings pryse aanpas, winste verruim en by inflasie aanpas. Dit is een van die redes waarom aandele steeds ’n belangrike deel van langtermyn beleggingsportefeuljes behoort te vorm.
2. **Diversifiseer**: Suid-Afrikaners verbruik produkte en dienste waarvan die pryse deur ons wisselkoers beïnvloed word. Buitelandse beleggings bied daarom nie net diversifikasie nie, maar ook ’n mate van beskerming teen die voortdurende verswakking van ons geldeenheid.
3. **Wees versigtig met kontant**: Kontant is noodsaaklik vir noodgevalle en korttermynbehoeftes. Op die oog af is “veiligheid” en die behoud van koopkrag nie noodwendig dieselfde ding nie.
4. **Verstaan jou eie inflasie:** ’n Persoonlike finansiële plan behoort rekening te hou met waaraan jy jou geld bestee en hoe daardie uitgawes waarskynlik gaan verander namate jy ouer word.
5. **‘n Inkomste wat groei:** Om dieselfde lewenstandaard te kan handhaaf, moet jou inkomste ook groei.
6. **Bly aanpasbaar:** Een van die waardevolste eienskappe van enige finansiële plan is die vermoë om aanpassings te maak. Jou uitgawe-patroon, spaarritme en aftree-doelwitte is alles hefbome waaraan ons kan trek wanneer omstandighede dit vereis.

Ten slotte

Inflasie is ’n eienaardige verskynsel, want ons besef dikwels eers die volle uitwerking daarvan wanneer ons terugkyk. Ons onthou wat ’n brood, petrol of ‘n huis gekos het en voor ons ons kom kry, het 30 jaar verbygegaan. Die syfers op ons bankstate het dalk groter geword, maar dit beteken nie noodwendig meer welvaart nie. Die werklike doel van finansiële beplanning is om jou koopkrag te beskerm en oor tyd te laat groei. Uiteindelik lê ons welvaart in die keuses wat ons kan maak, die lewenstandaard wat ons kies en die vryheid om ons lewe met gemoedsrus te leef. Ware finansiële vryheid gaan immers nie net oor hoeveel geld ons het nie, maar oor wat ons daarmee kan doen – vandag én môre.

Alle opmerkings is die persoonlike siening van sleutel-individu(e) by Afrafin (Edms) Beperk. Terwyl opinies eerlik bedoel word, is die inhoud nie ’n waarborg nie. Die inligting wat hier weergegee word moet dus nie as spesifieke advies beskou word nie – niemand behoort op grond hiervan besluite te neem nie. Ons moedig u aan om ons te kontak indien u enige vrae het.